BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c | Woensdag, 13 April 1966 | WINDHOEK | Wednesday, 13th April, 1966 | No. 2709

INHOUD

ONTWERPORDONNANSIES:

Wysigingsontwerpordonnansie op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk 1966 399

Wysigingsontwerpordonnansie op Padverkeer 1966 . 401

Wysigingsontwerpordonnansie op die Landbank 1966 . 401

Wysigingsontwerpordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1966 403

CONTENTS

Page/Bladsy

DRAFT ORDINANCES:

Factories, Machinery and Buildings Work Amendment Draft Ordinance, 1966 400

Road Traffic Amendment Draft Ordinance, 1966 . . 402

Land Bank Amendment Draft Ordinance, 1966 . . 402

Farmers' Special Relief Amendment Draft Ordinance, 1966 404

ONTWERPORDONNANSIE

Om die bepalings van die Ordonnansie op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk 1952 ten opsigte van openbare vakansiedae in artikel 20 (3) (a) en (b) van genoemde ordonnansie vermeld, ook van toepassing te maak ten opsigte van Hemelvaartsdag en ten opsigte van Republiekdag in die jaar 1966 en in elke vyfde jaar daarna.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 van die Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925 soos gewysig by artikel 16 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 34 van 1952.

1. Artikel 20 van die Ordonnansie op Fabrieke, Masjienerie en Bouwerk 1952 (Ordonnansie 34 van 1952) — hierna die hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur —

(a) na die woorde „Goeie Vrydag" oral waar dit in subartikel (3) (a) en (b) voorkom, die woord „Hemelvaartsdag" in te voeg;

(b) die volgende paragraaf by subartikel (3) te voeg:

„(c) Die bepalings van paragrawe (a) en (b) is ook van toepassing ten opsigte van Republiekdag in die jaar 1966 en in elke vyfde jaar daarna, en enige verwysing in hierdie ordonnansie na 'n openbare vakansiedag in enigeen van genoemde paragrawe vermeld, word geag ook 'n verwysing na Republiekdag in elkeen van genoemde jare te wees."

Wysiging van artikel 22 van Ordonnansie 34 van 1952.

2. Artikel 22 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur by subartikel (1) die volgende voorbehoudsbepaling te voeg:

„Met dien verstande dat geen kennisgewing deur die Administrateur ingevolge hierdie subartikel gepubliseer of geag aldus gepubliseer te gewees het, die uitwerking het om die toepassing van artikel 20 (3) (c) van hierdie ordonnansie op te skort nie ten opsigte van 'n werknemer wat nie ingevolge so 'n ooreenkoms, kennisgewing, toekenning, vasstelling of leervoorwaardes op beloning op die grondslag in artikel 20 (3) (a) en (b) uiteengesit, ten opsigte van Republiekdag in die jaar 1966 en in elke vyfde jaar daarna geregtig is nie."

Kort titel.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk 1966.

DRAFT ORDINANCE

To apply the provisions of the Factories, Machinery and Building Work Ordinance, 1952, in respect of any public holiday referred to in section 20 (3) (a) and (b) of the said ordinance, also in respect of Ascension Day and in respect of Republic Day in the year 1966 and in every fifth year thereafter.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925, as amended by section 16 of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, of the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 20 of Ordinance 34 of 1952.

1. Section 20 of the Factories, Machinery and Building Work Ordinance, 1952 (Ordinance 34 of 1952) — hereinafter referred to as the principal ordinance — is hereby amended by —

(a) the insertion of the words "Ascension Day" after the words "Good Friday" wherever they appear in sub-section (3) (a) and (b);

(b) the addition to sub-section (3) of the following paragraph:

"(c) The provisions of paragraphs (a) and (b) shall also apply in respect of Republic Day in the year 1966 and in every fifth year thereafter, and any reference in this ordinance to any public holiday referred to in either of the said paragraphs shall be deemed to include a reference to Republic Day in any of the said years."

Amendment of section 22 of Ordinance 34 of 1952.

2. Section 22 of the principal ordinance is hereby amended by the addition to sub-section (1) of the following proviso:

"Provided that no notice published or deemed to have been published by the Administrator under this sub-section shall have the effect of suspending the operation of section 20 (3) (c) of this ordinance in respect of any employee who is not entitled under any such agreement, notice, award, determination or conditions of apprenticeship to remuneration on the basis set out in section 20 (3) (a) and (b) in respect of Republic Day in the year 1966 and in every fifth year thereafter."

Short title.

3. This ordinance shall be called the Factories, Machinery and Building Work Amendment Ordinance, 1966.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op Padverkeer om voorsiening te maak vir die uitreiking van bestuurderslisensies ten opsigte van ekstra swaarmotorvoertuie en vir verbandhoudende sake.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

Wysiging van Artikel 47 van Ordonnansie 21 van 1961 soos gewysig by artikel 5 van Ordonnansie 38 van 1965.

1. Artikel 47 (1) van die Padverkeersordonnansie 1961 (Ordonnansie 21 van 1961) word hierby gewysig deur aan die end van paragraaf (k) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande voorts dat 'n geldige lisensie wat vir die bestuur van 'n swaarmotorvoertuig van die klas in paragraaf (j) genoem aan iemand uitgereik is, tot en met die 31ste dag van Desember 1966 as 'n bestuurderslisensie beskou word sovér dit hierdie paragraaf betref en die houer van sodanige lisensie vir die bestuur van 'n swaarmotorvoertuig kan van die registrateur in wie se gebied hy permanent woon vir 'n motorvoertuig van die klas in hierdie paragraaf genoem, ooreenkomstig hierdie Ordonnansie, 'n bestuurderslisensie kosteloos verkry as hy sy aansoek op of voor sodanige datum indien."

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer 1966 en word geag in werking te getree het op die eerste dag van Oktober 1965.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Landbank Proklamasie 1935, om die verhuur van enige sekuriteit, gegee ingevolge daardie proklamasie, sonder die skriftelike toestemming van die Bank te verbied.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

Invoeging van Verbintenis (4) A in Tweede Bylae tot Proklamasie 22 van 1935.

1. Die Tweede Bylae tot die Landbank Proklamasie 1935 (Proklamasie 22 van 1935) word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende verbintenis:

(4) A Dat die sekuriteit nie sonder die skriftelike toestemming van die Bank verhuur mag word nie.

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Landbank 1966.

DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to road traffic to make provision for the issue of drivers' licences in respect of extra heavy motor vehicles and matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

1. Section 47 (1) of the Road Traffic Ordinance, 1961 (Ordinance 21 of 1961) is hereby amended by the addition of the following proviso at the end of paragraph (k): Amendment of section 47 of Ordinance 21 of 1961 as amended by section 5 of Ordinance 38 of 1965.

"Provided further that a valid licence issued to a person for the driving of a heavy motor vehicle of the class mentioned in paragraph (j) shall, up to and including the 31st day of December, 1966, be deemed to be a driver's licence for the purpose of this paragraph and the holder of such licence for the driving of a heavy motor vehicle may in terms of this ordinance, obtain a driver's licence free of charge from the registrar in whose area he is permanently resident, for a motor vehicle of the class mentioned in this paragraph if he submits his application on or before such date".

2. This ordinance shall be called the Road Traffic Amendment Ordinance, 1966, and shall be deemed to have come into operation on the first day of October, 1965. Short title and date of commencement.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Land Bank Proclamation, 1935, so as to prohibit the lease of any security furnished under that proclamation without the written consent of the Bank.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

1. The Second Schedule to the Land Bank Proclamation, 1935 (Proclamation 22 of 1935) is hereby amended by the insertion of the following covenant; Insertion of Covenant (4) A in Second Schedule to Proclamation 22 of 1935.

(4) A That the security may not be leased without the written consent of the Bank.

2. This Ordinance shall be called the Land Bank Amendment Ordinance, 1966. Short title.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1959 om die Administrateur te magtig om die datum tot wanneer aansoek om 'n lening vir krag- en ander voer of weiding gemaak kan word, en die maksimum bedrag van sodanige lening, te bepaal.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 16 van 1959 soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 26 van 1960, artikel 1 van Ordonnasie 14 van 1961, artikel 1 van Ordonnansie 26 van 1962, artikel 1 van Ordonnansie 2 van 1963 en artikel 1 van Ordonnansie 12 van 1964.

1. Artikel 2 van die Ordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1959 (Ordonnansie 16 van 1959) word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(2) Die raad kan behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie en uit gelde wat die Wetgewende Vergadering spesiaal daartoe bewillig het aan enigiemand vir wie die bepalings van paragrawe (a) en (b) van subartikel (1) geld, en wat op of voor 'n datum deur die Administrateur by proklamasie bepaal, daarom aansoek gedoen het, en wat, omdat sy middele nadelig getref is deur die heersende droogtetoestande, geen redelike middele het om vir die behoud van sy vee krag- of ander voer aan te koop of weiding te huur nie, 'n lening toestaan om sodanige krag- of ander voer aan te koop of sodanige weiding te huur: Met dien verstande dat die Administrateur die maksimum bedrag van sodanige lening van tyd tot tyd kan bepaal."

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1966, en word beskou as in werking te getree het met ingang van die eerste dag van April 1959.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Farmers' Special Relief Ordinance, 1959, to grant to the Administrator authority to determine the date up to when application can be made for a loan for concentrates or other fodder or grazing, and to determine the maximum amount of such loan.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 2 of Ordinance 16 of 1959, as amended by section 1 of Ordinance 26 of 1960, section 1 of Ordinance 14 of 1961, section 1 of Ordinance 26 of 1962, section 1 of Ordinance 2 of 1963 and section 1 of Ordinance 12 of 1964.

1. Section 2 of the Farmers' Special Relief Ordinance, 1959, (Ordinance 16 of 1959) is hereby amended by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:—

"(2) The Board may subject to the provisions of this Ordinance, and from moneys specially voted therefor by the Legislative Assembly, grant to any person to whom the provisions of paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) apply, and who has applied therefor on or before a date determined by the Administrator by proclamation, and who by reason of his means having been adversely affected by the prevailing conditions of drought, has no reasonable means of buying concentrates or other fodder or hiring grazing for the sustenance of his stock, a loan for the purpose of purchasing such concentrates or other fodder or hiring such grazing; Provided that the Administrator may from time to time determine the maximum amount of such loan."

Short title and date of coming into operation.

2. This Ordinance shall be called the Farmers' Special Relief Amendment Ordinance, 1966, and shall be deemed to have come into operation on the first day of April, 1959.